H O O F S T U K II.

Totstandkoming van die Republiek Stellaland .

Die onluste, wat in Mei 1881 uitgebreek het tussen die Kaffers langs die westergrens van die Transvaal, is vir 'n tyd tot stilstand gebring daar die naturelle gehoop het dat die Koninklike Kommissie aan hulle reg sou laat wedervaar. Hulle hoop is egter verydel en Kol. Moysey het 'n aanvang gemaak met die afbakening van die nuwe grenslyn. Sowel Moshette, Machabi en Massouw het dadelik geprotesteer teen 'n grenslyn wat hulle grondgebied in twee sou sny [1]. Ook 'n aantal inwoners van die distrik Bloemhof het in September 1881 protes aangeteken, op grond daarvan dat transporte op plase, wat buite die nuwe lyn val, nou onwettig word. Dit sou gelyk staan met konfiskasie het hulle gemeen [2]. Massouw het selfs sover gegaan om Kol. Moysey te belet om die lyn af te baken oor sy grondgebied. Dit het egter alles niks gebaat nie [3].

Die gevolg was dat die onluste tussen die Kafferstamme onderling weer uitgebreek het. Nie alleen Montsioa en Moshette het aan vegte gegaan nie, maar ook Mankoroane het kort daarna onverhoeds 'n aanval gemaak op Massouw, 'n bondgenoot van Moshette. In hierdie stryd het blanke vrywilligers, waaronder amptenare van die Kaapse regering, 'n daadwerklike aandeel gehad aan die kant van Mankoroane en Montsioa. Dit het 'n sterke protes uitgelok vanweë die Kaapse regering [4].

Dit het dan ook nie lank geduur nie of die Kaffers langs die hele Suidwestergrens van die Transvaal was onder mekaar aan vegte. Die grenslyn was een vuur en vlam, volgens 'n rapport van Kommandant Viljoen van Marico aan Genl.Joubert [5].

Die/...

---

1). R.3765/81; C.3098, p. 84.
2). R.4577/81.
3). R.5183/81.
4). C.3098, pp. 99-100.
5). K.G. 202, H.

Die toestand het so onrusbarend geword dat die Britse Resident te Pretoria op die 23ste Oktober 1881 aan Kapt. Nourse opdrag gegee het om na die grense te vertrek en die vrede te probeer herstel. Aan die Hoè Kommissaris het hy terselfdertyd berig gestuur dat die Transvaalse regering sy bes doen om die vrede te bewaar[1].

Toe reeds al het sommige kafferhoofde, o.a. Montsioa, klagtes ingedien by die Britse outoriteite dat hulle vyande, die s.g. pro-boer Kaffers, die Transvaalse grondgebied gebruik as basis van operasie en dat die Boere dit toelaat. Hudson, die Britse Resident, het daarop van die Transvaalse Driemanskap 'n belofte verkry dat hulle die neutraliteit sou bewaar. Daartoe het die Transvaalse regering aan die amptenare naby die grense opdrag gegee "to do all in Their power to prevent conflict"[2]. Buitendien het die Transvaalse regering reeds op 21 Oktober 1881 'n proklamasie uitgevaardig, waarby Transvaalse burgers ten strengste verbied word om hulle te meng in die onluste[3]. Dit is duidelik dat op hierdie tydstip die regering begerig was om die Transvaal uit die moeilikheid uit te hou, en die onluste te beëindig.

Ook van Britse sy is pogings aangewend in dieselfde rigting. Nourse het tydelik enige Boere, wat deelgeneem het aan die stryd, daartoe beweeg om na huis terug te keer. Meeste Boere het verklaar dat hulle deur armoede gedwing was om diens te neem as vrywilligers vir die Kaffers. Moshette het verklaar dat hy graag die posisie soos onder President Burgers gehandhaaf wou sien, want hy verkies om onder die Boereregering te staan[4].

Nourse se pogings het egter misluk. Die vegtende partye het geweier om vrede te maak en Mankoroane het nog

bowedien/...

---

1). C. 3098, pp. 125-126.
2). Ibid., p. 85.
3). Staatscourant der Z.A.Republiek, 27 Okt.1881.
4). C. 3098, pp. 129-133.

bowedien 'n aanval op Massouw gemaak[1]. Van hierdie toestand van sake het die Britse Resident op 16 November 1881 kennis gegee aan die Transvaalse regering. Hy het ook aangedring daarop dat die regering die neutraliteits proklamasie, wat tot sover 'n mislukking was, moes handhaaf[2].

Hoewel sommige Republikeinse amptenare hulle bes gedoen het om die proklamasie te handhaaf, was hulle pogings sonder sukses. Die burgers, wat betrokke was in die onluste, was eenvoudig onwillig om hulle in bedwang te laat hou deur die owerheid. Vir jarelank was hulle deur die Kaffers uitgetart en besteel, en nou het hulle kans gekom. Hulle vernaamste rede tot deelname in die stryd was die sonde en ergernis wat Montsioa hulle aangedoen het tydens die Eerste Vryheidoorlog. Andere, weer, het gekla dat hulle hulle gronde verloor het as 'n gevolg van die nuwe Konvensielyn[3]. Sommige het deelgeneem, daartoe gedwing deur armoede, soos reeds gesien is. Op 12 November 1881 het Nourse gerapporteer dat Moshette en Machabi "have the general sympathy of the Boers in that district on their side". Ook sê hy:"In my interview with Moshette he expressed his strong wish to become a Transvaal subject as he had formerly been, and that the ground over which he claimed Chieftainship should be brought within the line; the present position of the line between Machabi and Moshette, as defined by the convention, appears to be very inconvenient, rendering [illegible]bject to a devided allegiance on the one side to his Head [illegible]tte, and on the other to the Transvaal Government under which [illegible][4]

Die Konvensielyn was dus [illegible]ook wat bygedra het tot die twiste. Instede daarvan dat die [illegible]

gedemp/...

---

1). C.3098, p. 107.
2). R.4923/81.
3). K.G.202, H.; R.46/82.
4). C.3098, pp. 126-127.

gedemp is, het dit nog gedurig toegeneem in omvang en grootte, sodat die Britse Resident teen die helfte van November die berig bevestig het dat Massouw en Mankoroane ook aan vegte is ten gevolge van 'n aanval van laasgenoemde op eersgenoemde[1].

Die Transvaalse regering is terselfdertyd oorstroom met klagtes oor Kaffers wat die grense oorskry het as gevolg van die onluste. Ook geroofde vee in groot getalle is vir veiligheid binne die grondgebied van die Transvaal gebring. Massouw was hier die hoofskuldige. Kommandant Kock het die getal Kafferbeeste binne die distrik Bloemhof wat oor die grenslyn gekom het, geskat op 18,000 tot 20,000. Massouw het geweier om die vee terug te neem, en Komdt. Kock het tevergeefs probeer die beeste terugdryf oor die grens. Laasgenoemde het aangedring by Genl. Joubert om hulp, anders sou die burgers verplig wees om hulle gronde te verlaat. Die geweld en brutaliteit was onbeskryflik. Mankoroane was tot sover die verlorende party, Volgens die mening van sommige burgers uit Bloemhof, skyn 'n botsing tussen blank en swart ook onvermydelik te wees, tensy die regering tussenbei kom[2].

Ook Massouw het sy toevlug geneem tot die regering van die Republiek. Op die 27ste November 1881 het hy kennis gegee van die aanval wat Mankoroane op hom gemaak het, en ammunisie gevra[3]. 'n Toestand van algehele onrus en onveiligheid het geheers langs die grense, sodat die regering aan die begin van Desember opdrag moes gee aan die Kommandant-Generaal om die grensbewoners te voorsien van ammunisie[4]. Die regering was egter magteloos om 'n einde te maak aan die skending van die neutraliteit van die Republiek. Die handelwyse van die

Transvaalse/...

---

1). C.3098, p. 126.
2). K.G.202, H.; R.5194/81; R.604/82.
3). S.S. 220 (Supplementêre Stukke).
4). R.5139/81.

Transvaalse regering op hierdie tydstip skep ook die indruk van halfhartigheid. Weens die simpatieke houding van soveel grensboere teenoor Massouw was die amptenare magteloos om die neutraliteit te handhaaf, of hulle was onwillig om die bevele van die regering te gehoorsaam.

Sommige burgers op die grense het nie nagelaat om die regering te waarsku teen die moontlike gevolge van die onluste nie. Hulle het die gevaar ingesien van die deelname van blankes in die kafferonluste. So het op 28 Desember 1881 o.a. die heer J.B.Raabe daarop gewys dat blankes diens doen as vrywilligers by Moshette en Transvaalse grondgebied gebruik as 'n toevlugsoord vir buitvee, nieteenstaande die proklamasie wat sulks verbied. Die outoriteite steur hulle nie daaraan nie en die wette word gedurig verbreek, selfs deur manne wat 'n voorbeeld van tug en orde moes wees. Ook Raabe waarsku dat die grensboere hulle plase sal moet verlaat as die regering nie instap en 'n end maak aan die onluste nie. Die antwoord van die regering op hierdie brief was dat die regering besig is om planne te beraam om die toestand van sake vir goed in orde te bring[1)].

Intussen was Mankoroane reeds taamlik in die nou gedryf deur sy teenstander, Massouw, en het hom op 28 Desember 1881 deur middel van George Donovan, 'n latere agent van Genl. Joubert, gewend tot die Republikeinse Regering met die aanbod van 'n deel van sy grondgebied in ruil vir erkenning van hom as Opperhoof deur die Republiek. Donovan het die regering ook versoek om 'n einde te maak aan die oorlog uit menslikheidsgevoel. As 'n gevolg van hierdie brief het Genl. Joubert opdrag ontvang om die saak grondig te gaan ondersoek[2)]. Van nou af aan baseer die Republiek sy pogings om tussenbei te kom veral

op /...

---

1). R.138/82.
2). R.257/82.

op die beginsel van "menslikheid"[1]. Volksraadslid C.Bodenstein het b.v. geskryf: "Wat belet ons, onder die woord van beschafing, ook ons poletiek uit te voere"[2].

Onderwyl het die Britse outoriteite nie stil gesit nie. Terwyl die Transvaalse regering party gekies het vir Massouw en Moshette, het die Britse regering dieselfde gedoen met betrekking tot Mankoroane en Montsioa, wie hulle beskou en behandel het as "loyal Chiefs", met welke reg, is egter onduidelik. Vroeg in Januarie 1882 het die Magistraat van Kimberley die aandag van die Kaapse outoriteite daarop gevestig dat die "Britsgesinde" Hoofde in die nou gedryf werd, en het hy feitlik aangeraai dat hulle moes toegelaat word om ammunisie aan te koop[3].

Van nou af aan word daar ook gereeld van Britse kant gekla oor die ondersteuning wat Massouw en sy bondgenote geniet van die kant van die Transvaal. Dit is heeltemal seker dat baie grensbewoners uit die Transvaal aangesluit het by Massouw, asook dat die algemene simpatie van dié Boere aan sy kant was[4]. Aan die ander kant egter, het verantwoordelike Britse amptenare openlik hulle simpatie betuig met en morele ondersteuning geskink aan Mankoroane, wat voorgegee het dat hy teen die Boere veg.

In Januarie 1882 het Hudson die Transvaalse regering gewys op die skending van die neutraliteit deur Transvaalse onderdane, en 'n beroep gedoen dat die regering nou sy gesag moet handhaaf. Hy gee ook kennis dat hy weer vir Kapt. Bourse na die grense gaan stuur, en waarsku die regering vir ernstige komplikasies."If the neutrality of the Transvaal State and the integrity of its borders are, from whatever cause, permitted to be/...

---

1). later werd die pleidooi gewysig volgens omstandighede. Toe die vrede tussen die Kaffers herstel was, word as motief vir intervensie geneem die feit dat die Kaffers(selfs Mankoroane) dit self verlang het, nieteenstaande daar duidelik druk uitgeoefen is van die kant van die Transvaal om die Kaffers te beweeg om die beskerming van die Republiek in te roep, soos later sal blyk.

2). K.G. 202, H.

3). C.H.S.A. b.160

to be violated by burghers of the State, it cannot reasonably be expected that Her Majesty's Government will consent to sit quietly by, and witness the spoliation of the friendly tribes on its own borders and Griqualand West"[1].

Genl. Joubert, wat aan die begin van Januarie 1882 deur die regering na die grense gestuur is, het sy uiterste pogings aangewend om die vrede te herstel. Dit sou egter niks baat nie. Steeds meer en meer blankes het aangesluit as huurlinge by die Kaffers. Op die 21ste Januarie 1882 vaardig Massouw 'n kennisgewing uit waarby hy 300 blanke vrywilligers aanvra om hom te help teen Mankoroane, aangesien laasgenoemde van dieselfde middel gebruik gemaak het. As beloning beloof Massouw aan elke vrywilliger 'n plaas van 3000 morge en 'n pro-rata aandeel van die helfte van al die buitgemaakte vee[2]. Hy het selfs nog verder gegaan, en op 9 Februarie d.o.v. 'n verdere kennisgewing uitgevaardig te dien effekte n.l. dat as 'n vrywilliger mag sneuwel in die oorlog, sy erfgename twee plase pleks van een sou ontvang onmiddelik na die vrede gesluit is[3].

Die onvermydelike gevolg van hierdie proklamasies was dat steeds meer burgers van die Transvaal hulle onder die banier van Massouw geskaar het, sodat teen die helfte van Februarie 1882 daar omtrent 200 vrywilligers was, nieteenstaande Genl. Joubert hulle gewaarsku het dat hulle geen beskerming van die Transvaal moes verwag nie. Die enigste wat Joubert kon doen was om aan die amptenare van die Republiek opdrag te gee om toe te sien dat die Republiek nie offisieël betrokke word in die moeilikhede nie. So duur die stryd voort, 'n stryd waaruit Massouw die grootste voordeel getrek het. 'n Vredesvoorstel van hom is in Februarie 1882 deur Mankoroane van die hand gewys[4].

Ook/...

---

1). R.335/82; C.3381, pp.15-16.
2). S.10.
3). Ibid.
4). K.G. 202, H.

Ook 'n aantal Britse onderdane, meeste waarvan afkomstig was van die diamantvelde, het hulle gevoeg by een of ander van die strydende partye. Meeste van hulle het aangesluit by Mankoroane, hoewel sommige vrywilligers van Massouw geword het. Die regering van die Kaap Kolonie het pogings aangewend om hulle teen te gaan. So het die Hoë Kommissaris, Sir Hercules Robinson, op 1 Februarie 1882 'n proklamasie uitgevaardig met die doel om Britse onderdane te belet om deel te neem aan die onluste, onder die bepalings van die "Foreign Enlistment Act" van 1870 [1].

Die 15de Februarie 1882 het die Transvaalse regering sy vorige neutraliteitsproklamasie herhaal, en alle burgers en offisiere ernstig aangemaan om toe te sien dat die neutraliteit van die Transvaal absoluut gehandhaaf word. Niemand mag hom verhuur as vrywilliger nie [2].

Al hierdie pogings was egter tevergeefs. Insteë van gehoor te gee aan die proklamasies het steeds meer en meer persone hulself aangebied as vrywilligers beide by Massouw en by Mankoroane.

In sy verslag [3] oor die grenstoestande het Joubert gewag gemaak van die feit dat Massouw hom nog steeds teen die Konvensielyn versit. Daarop het Joubert aan Massouw kennis gegee dat hy die grens sou laat bewaak deur 'n sterk wag wat alle gewapende manne, wat die grens oorskry, moes ontwapen, en ook alle buitvee, wat binne Transvaal gebring word, moes afneem. Met hierdie reëling het Massouw hom tevrede verklaar en beloof om die grenslyn nie te oorskry nie. Joubert het dan ook stappe geneem en burgers op te roep om die grense te bewaak. Op die 24ste Jan. 1882 het Massouw ook 'n plegtige proklamasie uitgevaardig, waarin hy kla dat hy deur die nuwe

grenslyn/...

---

1). Cape Gazette, 3 Febr. 1882.
2). Staatscourant der Z.A.Republiek, 16 Maart 1882.
3). Ingedien in Februarie 1882.

grenslyn van die beskerming van die Republiek afgesny is. Hy is verder oortuig dat Mankoroane deur fortuinsoekers opgesteek word om valslik aanspraak te maak op die Opperhoofskap oor die Korannas. Hy (Massouw) is egter van plan om sy erfregtelike grondgebied tot die laaste druppel te verdedig[1]. In 'n brief aan die Landdros van Christiana, d.d. 25 Jan.1882, spreek Joubert die mening uit dat die Republiek in sy eie belang alles moes doen om vrede te bewaar. Hy het gevind dat beide vegtende partye blanke vrywilligers huur, en, hoewel die Republiek hulle dit nie kon belet nie, moet die amptenare tog toesien dat die Republiek nie daardeur gekompromitteer word nie[2].

In 'n memorandum, d.d.7 Febr.1882, het Genl. Joubert die houding en politiek van die Transvaal t.o.v. die onluste uiteengesit. Hy het die skuld vir alles op die skouers van die Britse regering geplaas, en ~~skuif~~ die onluste toegeskryf aan die Britse politiek van opstokery van die ~~kaffers~~ naturelle teen mekaar, ten einde 'n toestand in die lewe te roep wat Engeland sou in staat stel om tussenbei te kom, en later die naturellegebied te annekseer. Joubert beskou dit voorts as geen skending van die neutraliteit van die Transvaal nie, as burgers buite die grense gaan veg nie. Daardie mense, sê hy, plaas hulleself daardeur buite die beskerming van die Republiek[3].

Twee dae later het ook Nourse verslag gedoen van sy twede sending naar die grense. "With regard to the war now going on between the Chiefs David Massouw and Mankoroane, the latter is entirely to blame for its commencement". Massouw verkry hulp uit die Transvaal, sê hy, en beide hoofde huur blanke vrywilligers. Hy veroordeel ten sterkste die handelwyse van Daumas en King, beide onlangs in die Britse staatsdiens.

Daardie/...

---

1). R.929/82.
2). Ibid.
3). R.1631/82.

Beardie twee here, sê hy, het nie alleen persoonlik geveg vir Mankoroane nie, maar ook gedien as aanwerwingsoffisiere[1]. Die Siviele Kommissaris van Kimberley het hierdie laaste deel van Nourse se rapport beaam[2]. Tengevolge van Nourse se berigte insake die skending van die Transvaalse neutraliteit, asook weens die feit dat Mankoroane in die knyp was, het die Britse regering opnuut by die Transvaal aangedring op handhawing van die neutraliteit[3].

In 'n verdere verslag, d.d.16 Febr.1882, het Nourse herhaal dat die Transvaal nie die neutraliteit handhaaf nie en dat Mankoroane die oorlog begin het sonder voldoende rede, "relying on assistance from the British Government should he be defeated". Engelse vrywilligers van die diamantvelde veg vir Mankoroane, sê hy. Hy meen ook dat die enigste uitweg uit die moeilikheid is om dadelik 'n lyn te laat afbaken tussen Massouw en Mankoroane[4].

Gedurende die volgende paar maande het die Britse regering herhaalde vertoë gerig tot die regering van die Transvaal insake die skending van die neutraliteit. Geen effektiewe stappe is egter deur die Britse outoriteite geneem om hulle eie onderdane te belet om deel te neem aan die onluste nie. Intussen het Massouw, met behulp van sy vrywilligers, die oorhand begin kry oor Mankoroane[5].

Middelerwyl het die Transvaalse regering in verbinding getree met die Hoë Kommissaris ten einde 'n wysiging in die bestaande grenslyn aan te bring an die enigste middel om die bloedvergieting ten einde te bring[6]. In 'n skrywe d.d.15 Maart 1882 stel die Staats-Sekretaris voor dat die lyn so verander moet word dat Massouw en Moshette binne die grondgebied van

Transvaal/..

---

1). C.3381, p. 34.
2). Ibid., p. 66.
3). Ibid., p. 5.
4). Ibid., pp. 42-45.
5). R.1448/82; R.2741/82; R.5121/82.
6). R.1370/82; R.1915/82.

Transvaal sou kom. Dit is hulle eie wens, en die ander hoofde sou dan buite die Transvaal val[1]. Op die 31ste Maart 1882 antwoord die Britse Resident: "As far as I can judge the Convention boundary should be maintained". Die beste politiek is om die naturelle aan hulleself oor te laat buite die grense om hulle eie moeilikhede op te los, en die grenslyne te beskerm[2]. Enige weke later het die Britse regering finaal geweier om die grenslyn te wysig[3].

Die Transvaalse regering het dit intussen moeilik gevind om hulle burgers uit die twiste weg te hou. Joubert was van mening dat hy die grenswag nie vir altyd op die grense kon hou nie. Hy raai dus die regering aan om Engeland te vra om dadelik tussenbei te kom, of anders die Republiek toe te laat om dit self te doen. Die diefstalle word gedurig erger[4].

Ten gevolge van die advies van die Britse Resident en die Hoë Kommissaris, het die Britse regering beslis geweier om toe te gee aan die Transvaalse voorstelle om die grenslyn so te verander dat dit 'n gebiedsuitbreiding sou beteken. In hierdie houding is die Britse regering versterk deur rapporte en klagtes wat van verskeie kante ingestroom het by Britse amptenare. So telegrafeer die Siviele Kommissaris van Kimberley op 14 Maart 1882: "Boers openly show their intention of retaking Keate Award. There can be no doubt that this movement has the sanction of the Transvaal Government"[5].

Ook Mankoroane, in die nou gedryf, het aanhoudend aangeklop om hulp van die Britse regering ter wille van wie hy nou moet boet. Hy het sy bes gedoen om die Transvaal offisieël in die saak betrokke te kry. Die onvermydelike gevolg was dat 'n altyd sterker wordende vermoede posgevat het by die Britse

outoriteite/...

---

1). R.1446/82.
2). R.1914/82.
3). C.3381, p. 82.
4). R.1446/82.
5). C.3381, pp. 66-67.

outoriteite dat die Transvaalse regering die vrywilligers van Massouw en Moshette steun, ten einde wraak te neem op die "loyal Chiefs" vir hulle houding tydens die afgelope vryheidsoorlog, en om hulle gronde af te neem. Hierdie bewerings is deur die regering in Pretoria amptelik ontken[1].

Die grenswag, deur Joubert daargestel, is intussen ontbind, niteenstaande die protes van die Britse Resident nie[2].

Mankoroane het terselfdertyd sy klaagliedere hervat, en op alle moontlike maniere probeer speel op die menslikheid van die Britse publiek. Hy het selfs aanvraag gedoen vir ammunisie, wat hom egter geweier is[3].

Om die Britse regering nog meer te laat volhard in sy sienswyse, het Majoor Lowe van die grenspolisie van Grikwaland-Wes op 19 April 1882 die mening uitgespreek dat dit wenslik is dat die Britse regering moet ingryp ten einde die Kaffers te red van algehele uitroeiing deur die Boere "who are reported generally to have taken a secret oath to form a separate Republic in the native territory, independent of the Transvaal, Free State or English Government"[4]. Ook andere Engelse het hierdie berig bevestig[5].

Die Britse regering het dan ook van nou af die houding begin inneem dat dit nou 'n stryd is van Boere met Massouw as onwillige handlanger teen Mankoroane, en nie meer van Kaffer teen Kaffer met blanke vrywilligers aan weerskante nie. Om die grenslyn te verander, sal aan die saak niks verander nie[6].

Intussen het die onveiligheid op die grense steeds toegeneem en steeds meer klagtes uitgelok[7]. Oor en weer het die Britse en Transvaalse regerings mekaar verwyt dat hulle nie hulle onderdane in toom kan hou nie. Die Republiek het daarop gewys dat, as die regering van die Kaap Kolonie magteloos was om sy onderdane te belet om deel te neem aan die stryd waarom dan 'n swak Republiek gevra om dit te doen?[8]

Terwyl/.....

---

1). R.2076/82.
2). R.1914/82;R.2030/82;R.2203/82;R.2418/82.
3). C.3381,p.98.
4). Ibid.,p.87.
5). C.3381, p.89.
6). Ibid.,pp.90-91.
7). R.2408/82.
8). R.2421/82;R.2076/82;R.2659/82.

Terwyl hierdie briefwisseling nog aan die gang was, het Massouw en Gasibone (blykbaar onder invloed van blanke raadgewers, soos ook die geval was met Mankoroane in al sy handelinge) op 1 Mei 1882 'n proklamasie uitgevaardig waardeur hulle 'n Kommissie van Bestuur, reeds vroeër verkose deur die vrywilligers om namens hulle op te tree , ook magtig om hulle te verteenwoordig en te handel en te regeer in hulle naam. Die Bestuur word verder gemagtig om uitvoering te geen aan die ooreenkoms van 21 Januarie 1882, en vrede te sluit in samewerking met Massouw en sy Raad.[1] Hierdie dokument kan dien as bewys dat Massouw se blanke vrywilligers langsamerhand die hele leiding van sake op hulle geneem het.

Teneinde sekerheid te verkry omtrent die toestand, en waarskynlik daartoe ook aangevuur deur die herhaalde beskuldigings van medepligtigheid in die onluste, het die Volksraad van die Transvaal eindelik daartoe oorgegaan om op 17 Mei 1882 'n Kommissie af te vaardig naar die grense om 'n grondige ondersoek in te stel en rapport uit te bring oor die onluste[2].

Die verslag van die Kommissie, d.d.3Junie 1882, het die standpunt van die Republiek uiteengeset, en die oorsaak van die twiste aan die Engelse amptenare toegeskryf. Die Kommissie het nadruk daarop gelê dat die verkeerde grenslyn aanleiding gegee het tot al die moeilikheid, en aanbeveel dat die regering 'n voorstel sou maak dat die Britse regering 'n Kommissie moet stuur om 'n end te maak aan die onluste deur die grenslyn te reel in ooreenstemming met bestaande traktate tussen die Republiek, Moshette, Massouw, Gasibone ens.[3] .

Die verslag is eenparig goedgekeur deur die Volksraad en deurgestuur aan die Britse regering 'n paar dae later[4] . Op die dringende vertoë het die Transvaalse regering egter eers

teen/...

---

1). Sien Bylaag B.
2). R.2899/82.
3). R.3297/82.
4). R.2899/82;R.3297/82; die dokument is gepubliseer by Leyds, Het Insluiten....., p.343.

teen die einde van September 1882 antwoord ontvang. Daarin weier Engeland om enige veranderings te maak in die bestaande grensreëling, en ontken buitendien die bewerings as sou Britse onderdane deelneem aan die stryd. Enige deserteurs neem wel deel, maar opdrag is reeds gegee om in samewerking met die Kaapse en Transvaalse regerings 'n end daaraan te maak, en die vrybuiters te verdryf. As die wit vrybuiters, die meeste waarvan afkomstig is uit die Transvaal, belet word om die gronde en vee van die Kaffers te steel, sal die orde binnekort herstel wees. Die Britse regering is gewillig dat 'n Kommissie 'n lyn sal afbaken tussen die kafferstamme onderling. In antwoord op hierdie nota, het die Republikeinse regering sy leedwese te kenne gegee dat Engeland ieder welgemeende poging van die Republiek om vrede op die grense te bewerkstellig, afwysend beantwoord.[1]

Dit skyn as of die Britse regering veral beinvloed was deur die vrees dat die Boere 'n onafhankelike Republiek sou stig binne die naturellegebiede[2]. Die Britse Resident het persoonlik die moontlikheid en gevaar van die stigting van so'n Republiek bespreek met President Kruger, en hom daarop gewys dat Engeland soiets nie sou gedoog nie. Kruger het weer belowe dat die regering sy bes sou doen om skenders van die neutraliteit te straf[3].

Die toestande het daardeur nie verander nie; Transvaalse burgers het vryelik die grenslyn oorskry[4]. Meer nog, sommige amptenare van die Transvaal het reguit geadviseer dat die regering Massouw en Mankoroane met land en al moet annekseer[5]. Hierdie gedagte het meer en meer posgevat by regeringskringe in Pretoria, as synde die enigste oplossing uit die moeilikheid. Teen Juniemaand 1882 is die posisie dan also dat die regering

aangepor/...

---

1). R.5402/82.
2). Vgl. C.3486, p.82.
3). C.3381, pp. 120-121.
4). Ibid., p.110.
5). R.3204/82.

aangepor word deur die handelwyse van sy eie weerspannige onderdane langs die grense om die betwiste gebied in te lyf by die Transvaal. Ook Massouw het die regering om hulp gesmeek[1].

Aan die ander kant weer het Mankoroane en Montsioa, wat die stryd begin verloor het, die Britse regering om hulp gevra ten einde hulle te red van die "bloeddorstige" landsoekers uit die Transvaal. Hulle smekinge is ondersteun deur sendelinge in die gebied woonagtig en Sendinggenootskappe in Engeland[2]. Dit kon nie anders as die Britse regering sterk in sy houding nie, hoewel die Hoë Kommissaris geen uitweg uit die moeilikheid gesien het nie[3].

Offisieël kon die Transvaalse regering, kragtens die Konvensie van 1881, natuurlik nie direk onderhandel met die naturelle buite die grense nie. Die enigste uitweg was om gebruik te maak van die dienste van 'n tussenpersoon, sonder dat hierdie persoon juis 'n agent van die regering was. Met daardie doel rig Genl. Joubert, inmiddels teruggekeer in Pretoria, dan ook op 5 Junie 1882 'n private skrywe aan George Donovan, as iemand wat 'n besonder goeie kennis besit van die grenstoestande. Daarin gee hy Donovan opdrag om sake te ondersoek en verslag uit te bring, asook aanbevelings te maak vir die toekomstige reëling van die grense[4].

Dit word langsamerhand meer duidelik dat die Republiek na 'n voorwendsel soek om in te gryp in die onluste. Gedurende Juniemaand het Donovan sy bes gedoen om Genl. Joubert se opdrag uit te voer, en miskien verder gegaan as waartoe hy gemagtig was. Eers het hy Massouw en sy Bestuur ontmoet, en daarna Mankoroane probeer oorhaal tot 'n sessie van sy grondgebied aan die Transvaal. Dit is egter deur Mankoroane geweier nieteenstaande hy in die nou gedryf was deur sy vyande. Donovan, wat

sy/...

---

1). R.3649/82.
2). C.3381, pp. 101-102.
3). Vir die Britse standpunt sien C.3381, pp.147-148.
4). K.G. 240.

sy opdrag blykbaar misverstaan het, het 'n brief aan Genl. Joubert gerig waarin hy hom aanraai om dadelik naar die grense te kom, aangesien daar kans is vir 'n skikking. "Yet I advise that you be prepared to strike immediately if peaceful (sic) intentions fail". Hy het gemeen dat Joubert 'n Kommando op die been moet bring om, met behulp van die vrywilligers, Mankoroane te vernietig. Daarna kan Montsioa aangepak word, sê hy [1].

Maar reeds enige dae voor Donovan sy verslag geskrywe het, het Mankoroane self, op 23 Junie 1882, 'n beroep om ondersteuning gedoen op die Transvaalse regering. Hy bied selfs 'n strook van sy grondgebied aan, en in ruil verlang hy om erken te word as "Paramount Chief" [2]. Dit was duidelik dat Mankoroane die oorlog nie meer lank kon volhou nie. Die volgende dag het Kol. Ferreira, wat op die grense vertoef het in belang van die vrede, daarin geslaag om beide partye te beweeg om 'n wapenstilstand te sluit. Die Transvaalse regering, wat na ontvangs van die brief van Mankoroane eers wou tyd win, het toe aan daardie Opperhoof geantwoord dat hy die wapenstilstand moes verleng tot 24 Julie 1882: "Alsdan zal ik in staat zijn u nadere voorslagen te doen" [3]. Op dieselfde dag, n.l., 3 Juli 1882, het Genl. Joubert, beseffende dat die regering nie van sy kant mag ingryp nie, weer 'n konfidensiële brief aan Donovan gerig waarin hy hom aanspoor om Mankoroane te beinvloed ten gunste van die Transvaal: "Laat Mancoraan ons Governement inroepen als zijne beschermeng dan zal wij alles tusschen hem en Mazou regt krijgen want van de zijde van Mazou zal er niets tegen wezen en dan hebben wij het van bijde kanten en kunnen da: gemakkelijk instappen" [4].

Op 8 Julie 1882 het Massouw en Mankoroane ooreengekom op die wapenstilstand te verleng tot 24 Julie d.o.v. [5]. Dit

was/....

---

1). Sien rapport van Donovan,d.d.29 Junie 1882,in R.3943/82.
2). R.3795/82.
3). Ibid.
4). K.G. 202, H.
5). R.4027/82.

was grotendeels te danke aan die bemoeiinge van Kol. Ferreira, wat in sy verslag oor die toestand melding maak van die feit dat Mankoroane totaal verslaan was, en verplig was om die tussenkoms van die Transvaalse regering in te roep. Massouw het omtrent 400 blanke vrywilligers gehad, waaronder sowat 60 Britse deserteurs, sê hy. Die Transvaalse regering was egter slegs op een voorwaarde gewillig om tussenbei te tree n.l. as die gebied van Massouw en Moshette binne Transvaalse gesag gebring word. President Kruger het daar sterk op aangedring dat die naturelle onder 'n beskaafde regering moet geplaas word. Hy was gekant teen die stigting van 'n onafhanklike Republiek in Bechuanaland, en was van mening dat een van beide regerings, Engeland of Transvaal, verantwoordelik moes wees vir die handhawing van rus en orde in Bechuanaland[1].

Kol. Ferreira het daarop gewys dat die blanke vrywilligers by Massouw (bestempel as vrybuiters) van verskillende nasionaliteite was. Die ergste was die Britse deserteurs. Tog bly die Britse Resident by sy standpunt om die Transvaalse regering verantwoordelik te hou vir alles, en word die Transvaalse voorstelle dat die grenslyn gewysig moet word, opnuut geweier[2].

Dit is vrywel seker dat die Transvaalse outoriteite nie hulle bes gedoen het om hulle burgers te belet om aan die stryd deel te neem nie. Gedurende Julie maand 1882 het daar herhaalde klagtes, afkomstig van Transvalers, by die regering ingekom dat Transvaalse burgers hulle nie aan die bevele van die regering steur nie. Groot aantalle vrywilligers uit Bloemhof het die grense oorskry terwyl amptenare dit oogluikend toegelaat het. Die Landdros van Christiana het daarop opdrag gekry om 'n ondersoek in te stel. Die ondersoek het die klagtes

in/...

---

1). C.3381, p.143.
2). Ibid., pp. 147-148.

in alle dele bevestig, maar nietoenstaande dit het die regering eenvoudig besluit "geen verdere stappen te nemen"[1].

Tot sover het alle konstruktiewe voorstelle, om die vrede te herstel, van die kant van Transvaal gekom. Die Britse regering, wat bevrees was dat Transvaal miskien 'n gebiedsuitbreiding sou verkry as gevolg van die smeekbede van Mankoroane, het eindelik op 13 Julie 1882 'n voorstel gemaak dat 'n gewapende polisiemag, bestaande uit afdelings vn die Kaap Kolonie, die Vrystaat, en die Transvaal, naar die grense moes gaan en alle vrybuiters met geweld arresteer[2].

Die Hoë Kommissaris het die regerings van die Kaap Kolonie, die Vrystaat en Transvaal dan ook genader, maar die poging het misluk weëns die onwilligheid van die twee Republieke. Op 12 Augustus 1882 het die Transvaalse regering geantwoord dat hy nie tot so'n gewigtige stap as gewapende interwensie kon oorgaan nie. Die regering meen voorts dat die wortel van die kwaad in die verkeerde grenslyn van 1881 lê. 'n Gesamentlike Kommissie van ondersoek naar die oorsake van die onluste sou beter wees as gewapende optrede. Eers daarna kan gewapende tussenkoms oorweeg word, as ander middels misluk[3]. Hierdie kontra-voorstel is egter deur Engeland geweier en dit was die end van die saak[4].

Intussen het Hudson, die Britse Resident, persoonlik naar die grense vertrek en die partye probeer oorhaal om tot 'n vredeskikking te geraak, sonder sukses egter. Die 27ste Julie 1882 moes hy rapporteer aan die Hoë Kommissaris "that the state of the country, even within its borders, is a scandal to any Government. Utter lawlessness and demoralization exist. Bands of marauders, independent of the volunteers at the laagers, rob and plunder right and left"[5]. Massouw, verklaar hy/....

---

1). R.4149/82.
2). C.3381, pp. 144-145.
3). C.3419, pp.33-35; R.4252/82.
4). R.5077/82.
5). C.3419, pp. 47-48.

hy, het tussen 500 en 600 blanke vrywilligers, waaronder van 100 tot 120 "deserters, old soldiers and Cape men".[1]

Onderwyl die agitasie tot interwensie nog aan die gang was, het die vegtende partye reeds op 26 Julie 1882 vrede gesluit. Dit was grotendeels te danke aan die tussenkoms van Kol Ferreira, wat op eie houtjie, maar met medewete van die Britse Resident op die grense vertoef het. Die vernaamste vredesbepalings was as volg:

Mankoroane en Massouw, saam met die Lede van Bestuur van sy blanke vrywilligers, verklaar dat die vyandelikhede tussen hulle op 'n end is. Hulle benoem 'n gesamentlike Kommissie om sake verder te reël en grenslyne af te baken tussen Taungs, Mamusa en Pokwani, asook om die grondgebied te bepaal en af te baken wat aan Massouw se vrywilligers toegeken sal word. Elkeen van die Kafferhoofde bly onafhanklik. Die Kommissie sal dadelik sy werksaamhede begin. Ingeval van enige geskil tusser die lede van die Kommissie, of later tussen die Kapteins en hulle onderdane, verklaar beide partye dat hulle die saak ter beslissing sal oorlaat aan die regering van die S.A.Republiek, en dat hulle hul aan die uitspraak van genoemde regering sal onderwerp. Ook verklaar beide partye dat hulle nooit die beskerming van enig ander regering sal inroep as die van die Transvaal nie[2].

Op dieselfde dag het beide partye nog 'n verdere Oor-eenkoms aangegaan, waarby hulle verklaar en die Britse regering in kennis stel dat hulle vernoem het dat Engeland van plan is om sig te bemoei met hulle sake. Aangesien dit nou vrede is, versoek hulle dat geen regering sig sal inmeng in hulle sake nie. Hulle is oortuig dat Vice-President Kruger heel geskik is om alle moeilikhede tussen hulle in orde te bring, en gee die Britse regering kennis van die feit dat hulle ooreengekom het/....

---

1). C.3419, p.49.
2). S.11.

het om die Transvaalse regering in te roep om uitspraak te doen in gevalle van dispuut[1].

Dit kan nie betwyfel word nie dat Mankoroane, die pro-Britse Opperhoof, gedwonge was om vrede te sluit op, vir hom, sulke slegte voorwaardes. Hy was verplig om tydelik die nek te buig onder die storm en die beste van 'n slegte saak te maak. Hy was daartoe geforseer deur sy militêre teenslae en moedeloosheid omdat sy herhaalde smeekbedes aan die Britse regering vrugteloos geblyk het. Die vrees vir Britse interwensie het seker nie weinig daartoe bygedra om Massouw en sy vrywilligers te beweeg om vrede te sluit nie[2]. Kol. Ferreira, wat teenwoordig was by die verrigtinge toe die vrede gesluit is, getuig in sy verslag van die "good feelings" tussen die partye, asook van die feit dat alles baie vriendskaplik afgeloop het[3].

'n Week na die sluiting van die vrede het Gerald Donovan ('n seun van George) Pres. Kruger in kennis gestel dat Mankoroane gewillig is dat 'n deel van sy grondgebied deur die Transvaal geannekseer mag word. Hy vra ook President Kruger om persoonlik 'n besoek af te lê aan Mankoroane om sake te reël[4].

Die posisie het egter spoedig verander. Die "good feelings" tydens die vredesonderhandelinge sou nie van lange duur wees nie, want slegs 'n paar dae na die vrede is die vrywilligers van Massouw ontbind met die gevolg dat Mankoroane vrye spel had. Onmiddellike gevaar was daar nie vir hom nie, sodat George Donovan reeds op 4 Augustus 1882 die Transvaalse regering berig dat Mankoroane se volk die diefstalle hervat het, erger as ooit te vore. Selfs burgers, woonagtig binne die grense van Transvaal, is 'n prooi van die naturelle, en

Mankoroane/..

---

1). S.11; ook aangehaal by Leyds, Het Insluiten....I,pp.127-128
2). C.3419, pp.100-103.
3). Ibid., p.56.
4). R.4373/82.

Mankoroane is druk besig om sy gelede skade in te haal. Die Transvaal behoort sy grondgebied te annekseer, meen Donovan[1].

Dit word meer en meer duidelik dat Mankoroane nie van plan was om hom te hou aan die terme van die vrede nie. Deur middel van sy agent, King, het hy hom nou gewend tot die Britse regering om hulp. Die heer King berig: "Mankoroane is very much dissatisfied, and was only compelled by dire necessity to sign these documents"[2]. 'n Paar dae later het die Hoë Kommissaris uitdrukking gegee aan sy simpatie met die naturelle "whose only offence has been their fidelity to the British Government"[3].

Die slimme Opperhoof het egter gevoel dat iets meer nodig was om die Britse regering wakker te skud uit sy apatie. Mankoroane, wat na die sluiting van die vrede in aanraking was met Britse amptenare in Grikwaland-Wes, het nou alle kragte ingespan om homself te rehabiliteer by die Britse regering ten einde die vredesbepalinge te ontduik. Op 7 Aug.1882 deel hy die Hoë Kommissaris mee dat hy alleen vrede gesluit het op advies van die Britse Resident en omdat hy gevoel het dat hy in die steek gelaat was deur Engeland. Hy moes 'n groot deel van sy land afgee en sê voorts "that he carried on the war as much to maintain the English name as for his own protection..... That he has been deceived, and has now accepted the protection of the Boers rather than that of England, and desires that the British Government will not trouble itself about him, or his people any more, and that his old friend, Montsioa, is now being threatened by the Boers with invasion"[4].

Hierdie fyne diplomatieke stuk sou sy uitwerking nie mis nie. Die Britse regering kon nie langer onverskillig bly nie./...

---

1). R.4499/82.
2). C.3419, pp. 56-57.
3). Ibid., pp. 53-54.
4). Ibid., p.70; woorde onderstreep deur my.

nie. Aan Mankoroane is geantwoord dat die Hoë Kommissaris met voldoening kennis geneem het van die sluiting van die vrede. Ook sê hy dat dit die hoofde vrystaan om met hulle gronde te doen wat hulle wil, maar hy beskou die handelinge van Massouw se vrywilligers skandalig, waar hulle die naturelle beroof van hulle gronde. "The High Commissioner will not countenance such proceedings in any shape or form. The Convention of Pretoria precludes the Government of the Transvaal State from acting as Umpire in the manner proposed in the Peace Agreement of the 26th July"[1]. 'n Kopie van hierdie brief is ook aan die Transvaalse regering gestuur.

Mankoroane, wat sig intussen weer voorsien het van wapens en ammunisie en Kaffervrywilligers, het homself nou weer sterk genoeg gevoel om opnuut moeilikheid te veroorsaak. Hy was seker van Britse simpatie, asook van die feit dat Transvaal dit tans nie sou waag om tussenbei te tree nie. Op die 10de Augustus 1882 sou die twee Kommissies, aangestel volgens die vredestraktaat, byeenkom te Boribing, maar Mankoroane se verteenwoordigers het nie opgedaag voor die 15de nie. Skaars het die Kommissie 'n aanvang geneem met sy werksaamhede, of 'n berig is ontvang van Mankoroane dat sy verteenwoordigers moes terugkeer, iets wat sy eie ondersteuners baie verbaas het. Massouw se verteenwoordigers het gewag tot 21 Augustus 1882 en toe verdaag tot nadere kennisgewing. Dit is duidelik dat Mankoroane sy verteenwoordigers teruggeroep het direk na ontvangs van die brief van die Hoë Kommissaris[2].

Mankoroane het egter een fout begaan. Hy het n.l. in 'n onbedagte oomblik aan Majoor Lowe van Grikwaland-Wes meegedeel dat hy geen afstand van grondgebied gedoen het nie. Hy het selfs ontken dat daar vrede gesluit was[3]. Die gevolg was dat die Britse Resident opdrag ontvang het om uit te vind wat

die/...

---

1). R.4845/82.
2). S. 4; R.4856/82.
3). C.3419, pp. 73-74.

die werklike posisie was. Op 19 Aug. 1882 berig hy: "The fact is, he did all he says he did not do". 'n Ontmoeting is gereel tussen Mankoroane en Hudson[1]. Die ontmoeting het plaasgevind, egter sonder tasbare resultate. Hudson moes opnuut getuig van die onbetroubaarheid van Mankoroane. Die Opperhoof was totaal ontmoedig na die onderhoud en het nou niks meer van die Britse regering verwag nie. Dit was die gevolg van sy eie teenstrydige praatjies[2].

Klagtes en berigte oor veediefstalle deur Mankoroane het nog voortdurend ingestroom by die Transvaalse regering. Die regering is weer aangeraai om die grondgebied van Massouw en Mankoroane te annekseer, of anders die distrik Bloemhof af te ge[3]

Die saak het intussen egter so voortgesloer terwyl die heer G.J.van Niekerk, Voorsitter van die Bestuur van Massouw se vrywilligers, die regering steeds op hoogte gehou het met die toedrag van sake. Hulle verwag nog steeds die tussenkoms van die Transvaalse regering, skryf hy[4].

Terwyl dit die toestand van sake was, het George Donovan hom onvermoeid beywer in belang van die Transvaal. In sy ywer het hy egter sy opdrag te buite gegaan. Hy wou hê dat die Republiek eenvoudig die gebied van Massouw en Mankoroane sonder meer moes inlyf. Hy was van mening dat Engeland alleen met die pen teenstand sou bied[5]. Tot sover was Donovan alleen 'n onoffisiële agent van die Republiek. Op 7 Augustus 1882 het hy aansoek gedoen vir toelating as openlike agent op die grense[6].

Die Bestuur van Massouw se vrywilligers was met hierdie inmenging van Donovan in hulle sake gladnie gediend nie. Sonder enige outoriteit daartoe het hy verklaar dat hy handel in/...

---

1). C.3419, pp. 74-75.
2). Ibid., pp. 86-87, 99.
3). R.4764/82; R.4844/82.
4). R.4855/82.
5). Sien brief d.d.15 Julie 1882 in K.G.202, H.; en brief d.d. 28 Julie 1882 in R.4373/82; ook R.4845/82.
6). R.4373/82.

in naam van die Republiek. Teen die einde van Junie 1882 het hulle reeds geprotesteer teen sy optrede, hoewel hy hulle verseker het dat hulle grondregte veilig was[1].

Donovan, bygestaan deur sy seun, wat deur Mankoroane vertrou is, het intussen nie stilgesit nie, en op 11 September 1882 het Mankoroane, bedreig met algehele ondergang, 'n sessie van sy grondgebied aan die Transvaalse regering gemaak. Hy wis n.l. dat Massouw van plan was om hom weer aan te pak. Op 30 Aug. en 4 Sept. het hy reeds gekla daaroor by die Britse outoriteite[2]. In die akte van Sessie word Donovan beskryf as "representing the Government and people of the South African Republic". Mankoroane plaas sy grondgebied onder beskerming van Transvaal, wat moes beslis in sake grondregte. Verder bly Mankoroane 'n onafhanklike Opperhoof in alle opsigte[3].

Donovan het aan Massouw en sy vrywilligers die volgende dag kennis gegee van die Sessie, en hulle gewaarsku dat enige moles van hulle kant teen Mankoroane beskou sou word as ook teen die Transvaal gemunt. Die Bestuur het daarop geantwoord dat hulle Donovan nie erken as Transvaalse Agent nie, en geen inmenging in hulle sake sal duld nie[4].

Blykbaar raadop deur die trouelooshеid van Mankoroane het Van Niekerk, Voorsitter van die Bestuur van die vrywilligers aan Genl. Joubert kennis gegee dat hy hom klaarmaak om Mankoroane geheel en al uit te roei as hy nie sy Kommissie stuur nie. Hy is egter jammer dat daar weer vernieling moet plaasvind, want hy is bevreesd "ons Gouvernement" kan dalk in moeilikheid kom. Hy het byna al Mankoroane se vrywilligers oorgehaal om hom te verlaat. Verder waarsku hy Genl. Joubert teen knoeiers soos Donovan. Tot sy smart moet hy ook getuig "dat de witte

zoowel/...

---

1). S. 8.
2). C.3419, pp. 94, 98, 99.
3). R.5273/82.
4). S. 8.

zooveel roof en zuip dat ik vrees ik heef uitgevinden dat de blanke erger steel als de kaffers"[1].

Op 13 September 1882 het Massouw, op raad van die Bestuur, aan Mankoroane 'n ultimatum gestuur, waarin al sy misdrywe en oortredings, o.a. ook sy Sessie aan Donovan, opgesom word. Hy word aangesê om Massouw te ontmoet te Pechong nie later dan die 15de van dieselfde maand nie[2].

Terselfdertyd het die Bestuur die vrywilligers aangesê om dadelik weer byeen te kom. Daar was selfs sprake dat Mankoroane sy vrywilligers hulle sou aansluit by Massouw[3]. Mankoroane was onder hierdie omstandighede verplig om in te gee, veral daar hy wis dat die Britse regering bewus was van sy trouloosheid en nie geneig was om hom te hulp te kom nie. Op 19 Sept. 1882 het hy dan ook sy verskyning gemaak voor die Bestuur, en hom laat oorhaal om 'n nuwe Sessie van sy grondgebie aan die Transvaalse regering te onderteken[4]. In hierdie Sessie waarborg Mankoroane dat hy die terme van die vrede van 26 Julie sal nakom. Om rus en vrede te herstel en tot voorkoming van hongersnood kom beide Kapiteins ooreen om hulleself dadelik onder beskerming van die Transvaal te stel. Die Republiek moet amptenare stuur om saam met Van Niekerk en King die grondkwessies te reël, en aan die vrywilligers van Massouw en Mankoroane hulle beloofde plase toe te ken. Daar die Britse regering hulle onafhanklik verklaar het, staan dit hulle vry om met hulle grond te doen wat hulle wil. Daarom verbind hulle hul tot trou aan mekaar en aan die Suid-Afrikaanse Republiek, wie se wette hulle aanneem en erken[5].

Mankoroane se eerste Sessie was intussen al in hande van die regering in Pretoria. Die regering het Donovan een-

voudig/...

---

1). Joubert-Kollektie, 316.
2). R.5373/82; sien Notule Bestuur d.d.11 Sept.1882, in S. 4.
3). C.3419, p. 99.
4). S. 4.
5). R.5432/82; Van Niekerk het later geskryf (R.6402/82) dat Donovan se oorhaaste aksie hom forseer het om ook 'n Akte van Sessie op te trek vroeër as wat sy plan was.

voudig gerepudiëer en hom seer kwalik geneem dat hy homself uitgegee het as 'n verteenwoordiger van die Republiek, "hetwelk geheel onwaar is"[1]. Aan hom is verder geantwoord dat die regering Mankoroane se versoek voor die Britse regering sou lê. Aan Mankoroane is ewewel geweier om sy Sessie aan te neem, daar hulle hom nie kan vertrou nie. Die Britse Resident het Mankoroane ook boonop meegedeel dat die Britse regering sy Sessie nie kan goedkeur nie[2].

Intussen het die twede Sessie n.l. dié van 19 Sept. 1882 in Pretoria aangekom. Op advies van Dr. Jorissen het die regering besluit om die saak vireers geheim te hou vir die Britse outoriteite, en om die Sessie aan te neem[3].

By die neem van hierdie besluit was die regering gesterk deur voortdurende berigte aangaande toestande in Bechuanaland. So stroom daar klagtes in oor die onrus en onveiligheid in die grensdistrikte van die Republiek[4], en op 1 Okt.1882 berig Gerald Donovan dat die Kaffers in Kuruman besig is om te verhonger weens mislukking van die oeste. Dit is ook die geval deur die hele Keate-Arbitrasiegebied. Hy beskou dit as 'n baie gunstige geleentheid vir die Republiek om in te gryp, en raai die regering aan om die hele Bechuanaland te annekseer[5].

Op die 16de Okt. d.o.v. word aan Massouw geboodskap dat sy Sessie aangeneem is, volgens die terme van die Konvensie van Pretoria[6].

Sake/....

---

1) Later het Donovan sy handelwyse probeer verskoon by Joubert deur te sê dat Mankoroane nie wou onderhandel, tensy hy (Donovan) een of ander outoriteit kon aantoon dat hy namens die S.A.Republiek handel. Hy was van mening dat, as Mankoroane homself sou onderwerp, die Britse objeksies teen inlywing van sy land sou wegval. Hy het eenvoudig gehandel volgens Joubert se instruksies van 3 Julie l.l., sê hy, en in belang van die Transvaal. Mankoroane se latere Sessie is gedwonge, meen hy. (Sien R.6943/82; Joubert-Kolleksie, 317.)

2). R.5373/82; C.3419, p.104.

3). R.5379/82; R.5432/82.

4). Sien o.a. R.5643/82.

5). R.5573/82.

6). R.5432/82.(Die twede Sessie was gunstiger vir Transvaal).

Sake sou egter nie so maklik gaan nie, daar dit spoedig duidelik geword het dat Engeland 'n sodanige gebiedsuitbreiding van die Transvaal nie sou duld nie. Reeds by die begin van September 1882 het Lord Kimberley, die Sekretaris vir Kolonies, die Britse standpunt as volg uitgedruk: "It is manifest that if the Transvaal Government is to take advantage of the lawless proceedings of bands of freebooters, many of whom are its own citizens, to extend the boundaries of the state, it is not probable that the disorders will long be confined to the western border, and apart from the serious objections on this and other grounds to any alteration to the recently defined limits of the State, that Government has quite enough to do to discharge adequately its existing responsibilities without adding to the wide extent of territory over which its authority is recognised by the Convention".[1] .

In dieselfde maand het daar proteste by die Britse koloniale kantoor aangekom van 'n aantal takke van die Londense Sendinggenootskap, waarin hulle daarop aandring dat Engeland die Transvaalse vrybuiters sal verjaag van die grondgebied van die Kaffers[2] .

Geen wonder dus dat die Britse regering geweier het om sy toestemming te gee tot die Sessie van 19 September 1882 nie. Dit is beskou as 'n verbreking van die Konvensie van Pretoria[3] .

Die Staats-Sekretaris van die Republiek het in antwoord hierop ontken dat die Republiek die bepalings van die Konvensie verbreek het. Die regering, sê hy, het slegs sy bereidwilligheid te kenne gegee om die Sessie aan te neem. Dit was alreeds genoeg om vrede te bewerkstellig. Weet die Britse regering van 'n ander middel om 'n einde te maak aan die

bloed-/...

---

1). C.3419, pp. 71-72.
2). Ibid., pp. 90, 91, 92.
3). R.6535/82.

bloedvergieting, vra hy? My hoop ook dat sy uiteensetting die Britse regering sal oortuig dat dit die enigste uitweg is [1]..

Eers in Maart 1883 is 'n finale antwoord op hierdie skrywe ontvang. Daarin het die Britse regering sy standpunt gehandhaaf [2]. Intussen is aan die terme van die Sessie nie uitvoering gegee nie.

Tot sover is daar drie pogings deur die Transvaal aangewend om weer sy gesag te herstel oor Bechuanaland, of altans 'n gedeelte daarvan. Die eerste was deur middel van direkte onderhandeling met Engeland ten einde 'n wysiging van die grenslyn te weeg te bring. Die twede was deur die onoffisiële sending van Donovam. Die derde was die poging om die Kaffers oor te haal om self die beskerming van die Republiek in te roep, deur middel van die vrywilligers. As bewys hiervan kan dien die Sessie van 19 September 1882. Al hierdie pogings het ewewel misluk, en die Republiek was verplig om voorlopig in die toestand te berus.

Die vrywilligers van Massouw, nou aan hulleself oorgelaat, moes hulle sake op 'n vaste voet bring ten einde van hulle grondregte verseker te wees, en uitvoering te gee aan die vredesbepalings van 26 Julie 1882.

Vanaf Septembermaand het hulle pogings aangewend om 'n dorp uit te lê, erwe en plase op te meet en uit te loot, en die grenslyne van die gebied, aan hulle toegeken deur Massouw, af te baken. Die werk van afbakening in Desember 1882 is belemmer deurdat Mankoroane, opnuut aangemoedig van Engelse sy, in gebreke gebly het om sy verteenwoordigers te stuur, Nieteenstaande dit egter, is die werk voor die einde van daardie maand voltooi [3].

Gedurende/...

---

1). R.6535/82.
2). R.1145/83.
3). Sien volgende Hoofstuk.

Gedurende ~~die volgende~~ die volgende paar maande is amptenare aangestel en sake het meer en meer 'n normale verloop begin aanneem, hoewel die veediefstalle, onverminderd voortgeduur het. Van Niekerk het hom beywer om 'n ordelike bestuur in die gebied, genoem Stellaland, daar te stel. Die posisie van die vrywilligers is nog verder versterk deur die feit dat die blanke vrywilligers van Mankoroane hulle lot ingewerp het met die vrywilligers van Massouw. 'n Dorp genoem Vryburg, is uitgelê[1].

Intussen het die vrywilligers maar bly voortleef in die hoop dat Engeland eindelik sou toestem in die Sessie van 19 September 1882.

Op 6 November 1882 het die Britse Resident sy Sekretaris, Rutherfoord, naar die grense gestuur om 'n rapport oor die toestand uit te bring[2]. As gevolg van sy verslag het die Britse Resident een van vier weë aanbeveel : n.l. Engeland moet met 'n gewapende mag tussenbei kom; die betwiste gebied moet verdeel word tussen die Kaap Kolonie en Transvaal; die gebied moet by Transvaal ingelyf word; die posisie moet bly soos dit is[3]. Dit sou egter vir Engeland te groot onkoste beloop om gewapenderhand in te gryp, en die Koloniale regering was onwillig om die verantwoordelikheid te deel. Na enige verdere onderhandelings is besluit om te hou aan die teenswoordige grenslyn. Die Hoë Kommissaris was veral bevrees vir weswaartse uitbreiding van die Transvaal. Hy som die posisie op as volg: "Tribe after tribe would be pushed back and back upon other tribes, or would perish in the process, until an uninhabitable desert, or the sea, were reached as the ultimate boundary of the State". Die beste, meen hy, is om die vry-

buiters/...

---

1). Die besonderhede van hierdie gebeurtenisse word nader uiteengesit in die volgende Hoofstuk.
2). C.3486, p. 69.
3). Ibid., pp.50-52.

buiters aan hulleself oor te laat; dan sou hulle moeilikhede genoeg ondervind[1].

Van nou af, egter, is die toon van die Britse depêches meer gematigd. Dit is miskien toe te skryf aan die feit dat Lord Derby Lord Kimberley in Desember 1882 opgevolg het as Minister van Kolonies, en voorts daaraan dat die Britse regering tot 'n besef gekom het dat die Transvaal nie alleen verantwoordelik vir die dade van die "freebooters" was nie. Daar was ook Engelse onder.

Onder hierdie omstandighede het die jaar 1883 vir die vrywilligers aangebreek. Een van die eerste stappe vir hulle was om 'n Volksraad in die lewe te roep. Ook werd getrag om 'n behoorlike landsadministrasie en regspraak daar te stel. Uit alles blyk dat die vrywilligers, of vrybuiters soos hulle deur die Engelse genoem is, besig was om 'n selfstandige staat te stig. Aan Mankoroane het hulle hulle nie meer gesteur nie[2].

Tog het Massouw nie nagelaat nie om die Transvaalse regering te probeer oorhaal om uitvoering te gee aan die terme van die Sessie van 19 Sept. 1882[3]. Op 7 April en 1 Mei 1883 het die Republikeinse regering opnuut die Britse Resident genader met die versoek om die grenslyn te wysig, soos voorheen alreeds uiteengesit. Die regering beskou dit as die enigste oplossing van die probleem, en beweer selfs dat beide Mankoroane en Massouw hulleself reeds as onderdane van die Republiek beskou. Ook is daar alweer tekens dat 'n nuwe uitbarsting ophande is[4].

'n Paar dae later antwoord die Britse Resident dat die Britse regering alreeds bekend gemaak het "that Her Majesty's Government is prepared to consider modifications of the Convention/.

---

1). C.3686, pp 13, 24; C.3486, pp. 50-52.
2). Vir besonderhede oor hierdie aangeleenthede sien volgende Hoofstuk.
3). C. 3686, p. 34.
4). B.B. 996/83; C.3686, p. 62.

vention"[1]. Die onderhandelings oor die aard van hierdie veranderinge het ewewel 'n tydjie gesloer.

Die toestande op die grense het intussen weer dreigend geword. Mankoroane het in die afgelope paar maande op verskeie geleenthede sy griewe gelug teenoor Britse amptenare en "pathetic appeals" naar Engeland gestuur vir beskerming teen bloeddorstige landsoekers[2]. Hy het ook beskuldigings teen vooraanstaande Transvaalse burgers ingebring omdat hulle die vrywilligers ondersteun[3]. Op aandrang van die Britse Resident is die aanklag ondersoek, maar die beskuldigdes is onskuldig gevind[4].

Op 30 April 1883 het die Kaapse regering 'n Kommissie, waarvan Cecil Rhodes lid was, na die noordwestelike grens van die Kaap Kolonie gestuur om sekere grenskwessies met Mankoroane te reël. Naar aanleiding van die besoek van hierdie Kommissie het Mankoroane in Meimaand die Kaapse regering versoek om sy land te annekseer[5].

Ook 'n aantal vrywilligers van Stellaland (dit was die naam wat hulle aan hul land gegee het) het die wens uitgespreek om ingelyf te word by die Kaap Kolonie, en daar het selfs 'n petisie vir daardie doel gesirkuleer. George Donovan het die Transvaalse regering van hierdie feite op hoogte gehou, en ook gemeld dat dit vir die vrywilligers om die ewe was of hulle aansluit by die Transvaal of die Kaap Kolonie. Die regering het hierop geantwoord dat Mankoroane se land na regte aan die Transvaal toekom; geen ander land behoort die voorkeur te geniet nie[6].

Op 3 Junie 1883 het Van Niekerk, waarskynlik om hierdie pro-Britse beweging teen te werk, in die sitting van die Bestuur/.

---

1). R.1975/83.
2). C.3686, pp. 3-4, 6-7, 16-17, 68.
3). R.2134/83.
4). R.R.1041/83; R.R.1071/83; R.2725/83; R.2441/83.
5). C.3686, pp. 94-96.
6). R.2373/83; R.R.1332/82.

Bestuur 'n besluit laat aanneem dat die vrywilligers die Transvaalse regering moet petisioneer vir anneksasie[1]. Nog in dieselfde maand is 'n memorie onderteken deur 236 Stellalanders. Daarin vra hulle die Transvaalse regering om hulle land te annekseer, en magtig die Bestuur om stappe te neem in daardie rigting. Gewapend met hierdie dokument vertrek Van Niekerk naar Pretoria, waar hy op 2 Julie 1883 die memorie oorhandig aan die regering.

Ook Massouw het 'n dergelike versoekskrif gestuur en geprotesteer teen die sessie van Mankoroane se grondgebied aan die Kaap Kolonie[2].

Aan Massouw en aan Van Niekerk is geantwoord dat die regering besig is om te onderhandel oor die wysiging van die Konvensielyn, en dat die regering intussen geen stappe kan neem nie[3].

Onmiddelik hierop het die Transvaalse regering die onderhandelings met Engeland hervat, waarskynlik uit vrees vir inmenging van die Kaap Kolonie[4]. Engeland kan nie langer stil sit nie. Die posisie kon so nie voortduur nie. Ook die Hoë Kommissaris was van oordeel dat Engeland 'n finale beslissing moes doen oor die grenskwessie[5]. Op 14 Julie 1883 stel die Britse Resident eindelik die Transvaalse regering in kennis dat sy regering gewillig is om verandering van die Konvensie te oorweeg, en 'n Transvaalse Deputasie vir daardie doel sal ontvang[6].

Teen hierdie tyd het Van Niekerk teruggekeer naar Stellaland, natuurlik goed ingelig omtrent die loop van die onderhandelings tussen Engeland en Transvaal. Op 31 Julie 1883 het hy verslag gedoen van sy sending voor die Bestuur[7]. Tot

hiertoe/...

---

1). S. 4.
2). R.3142/83.
3). B.B.1497/83; B.B.1498/83.
4). R.2806/83; R.2807/83.
5). C.3686, pp. 70-71.
6). R.3043/83.
7). S. 4.

hiertoe het die moontlikheid van anneksasie van Stellaland deur die Kaap Kolonie 'n taamlike aantal Stellalanders voor oë gesweef. Nou egter het Van Niekerk streng begin optree teen die ondertekenaars van die memorie aan die Kaapse regering.[1] En op 6 Augustus 1883 het hy, siende dat dit onder huidige omstandighede die enigste uitweg is, die grondgebied van die vrywilligers geproklameer as 'n selfstandige staat onder die naam REPUBLIEK STELLALAND, uit krag van'n vroeëre aanstelling van hom as Administrateur deur Massouw, met die mag om die gebied te verklaar tot 'n Republiek. Die proklamasie het geskied "tot behoorlijke handhaving der wet, alsmede het bevordering der belangen der ingezetenen van deze gewesten". Die hoofsetel van die Republiek sou wees Vryburg, en die proklamasie sou van krag wees tot tyd en wyl aan die Sessie van 19 Sept. 1882 uitvoering gegee kon word[2].

Reeds die volgende dag het 'n twede proklamasie gevolg waarby die grense van die Republiek vasgestel is[3].

So is dan die aantal Republieke in Suid-Afrika vermeerder met nog een, en is die vrees van die Britse regering, dat die vrybuiters 'n eie staat sou stig, bewaarheid geword. Die bestaan van hierdie Republiek sou egter van kortstondige duur wees. Groot en gewigtige belange was op die spel, waardeur dit nie gedoog sou kon word dat daar 'n selfstandige boerestaat langs die westergrense van die Transvaal sou bly voortbestaan nie.

HOOFSTUK III/...

---

1). Sien Volksraadsnotule, d.d. 16 Aug.1883, in S. 6.
2). Sien Bylaag E.
3). R.4035/83.